

Ridders en rolmodelle: 'n luisterbegrip en dialoog

Deur: Marieta Nel




A Luister en praat

Inleiding

Bespreek die volgende vrae wat op die drie prente gebaseer is:

1. Hoe skakel die gebrandskilderde uitbeelding met die tema?
2. In watter tyd dink jy speel die uitbeelding af?
3. Watter dimensies van rolmodelwees word deur Christo Davids op die twee voorblaaië uitgebeeld?
4. Watter een van die twee voorblaaië beeld ook vir Christo as ridder uit? Hoekom?
5. Wat word bedoel met die byskrif "op die skouers van reuse"?
6. Hoe sluit Anne Frank by die tema aan?



Aktiwiteit 2: voer 'n dialoog formele assessering

Werk saam met 'n maat en beplan 'n dialoog van 4-6 minute waarin een van julle 'n onderhoud voer met 'n rolmodel en die ander een die rolmodel is. 10

Onthou:

- Hou vooraf 'n klasgesprek oor wat 'n rolmodel is.
- Beplan 'n treffende inleiding en slot.
- Luister aandagtig na en reageer op mekaar.

Aktiwiteit 1: luister na 'n informatiewe teks

Pre-luister

- Laat die sokkerentoesiaste in die klas vertel wie Johan Crujff is. Indien niemand weet nie, google dit.
- Bestudeer die vroe aandagtig voor jy luister.

Tydens luister

- Kyk na die video *Crujff The legend 1 De jeugd tijd*: het wonderkind uit de Akkerstraat.
- Die video is 13 min. 36 sek. Bly die heelyd gefokus luister, anders verloor jy van die inligting.
- Jy mag aantekeninge maak terwyl jy luister. Aangesien die video oor Johan se grootwordjare gaan, kan jy jou aantekeninge in die vorm van 'n tydlyn maak.

Post-luister

Beantwoord die volgende vroe:

1. Hoekom was dit in die jare 50 moontlik om voetbal op straat te speel in Amsterdam? Noem twee dinge.
2. Watter sokkerklub ondersteun Johan van kleinsaf? Hoekom?
3. Wie was saam met Johan die groot sokkerster op skool?
4. Waaroor handel die briefies van Johan en sy broer Hennie aan Arend?
5. Wat was die enigste twee dinge wat afrigter Van der Veen Johan kon leer?
6. Gee die Afr. vir **ploeg en snel**.
7. Wat merk Leo van der Linden op omtrent die manier waarop Johan speel?
8. Watter tekortkominge het Johan as rolmodel vir die jeug? Bespreek volledig.

Bogenoemde is 'n uittreksel uit SASNEV se lespakket vir graad 8. SASNEV – Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere het lespakette saamgestel vir grade 8-11. Elke lespakket is presies dieselfde as 'n hoofstuk in een van die KABV-taalhandboeke en kan dit vervang. Die tekste is nie net in Afrikaans nie, maar ook in Nederlands. Die idee is nie net dat leerders verryk moet word t.o.v. die nuwe sillabus nie, maar ook die Nederlands taal, kultuur en letterkunde leer ken, sien waar baie van die Afrikaanse woordeskat en idiome vandaan kom en ook die kans staan om in Nederland te gaan reis. (SASNEV ondersoek tans die moontlikheid om jaarliks een of meer leerders en onderwysers wat aan die lespakket deelneem na Nederland te stuur vir 'n eerstehandse ervaring.) Indien u belangstel om deel te neem aan die lespakket, kontak Eureka Barnard by 021 531 5831 of eureka@sasnev.co.za

